

Sondag, 21 Maart 2021 (Vyfde Sondag in Lydenstyd)

Fokusteks: Hebreërs 5:1-10

Ultra-maratons is 'n besondere toets vir atlete se uithou vermoë. Hulle moet nie net fisies fiks wees nie, maar ook geestelik sterk. Die wedloop word op die pad én in die "kop" gehardloop. Ek dink die grootste oorwinning lê nie of jy onder die eerste 10 plekke eindig nie, maar wel dat jy die wedloop binne die toegelate tyd kan voltooi, selfs al is jy ook die laaste persoon oor die eindstreep. Jy kan sommer aan die gesigte sien hoe bly en dankbaar die atlete is as hulle by die eindpunt aankom. Moeg en uitgeput, maar tevrede en trots op die feit dat hulle daarin geslaag het om klaar te maak. Daar is immers genoeg dinge wat langs die pad gebeur wat dreig om jou te laat ophou - moegheid, krampe en tamheid. Steiltes wat jou laat loop of stilstaan. Afdraandes wat jou knieë en bene soos jellie laat voel. Dit kan jou meermale laat wonder of jy nie maar moet ophou nie.

Ons geloofslewe kan vergelyk word met so 'n ultra-maraton. Die lewe loop nie altyd so gladweg nie. Ons word met baie dinge in hierdie wêreld gekonfronteer wat dreig om ons alledaagse bestaan vol moeite en trane te laat. Steiltes en afdraandes. Soms word ons eenvoudig tot stilstand geruk deur pynlike gebeure in ons lewe. Dan word dit moeilik om die geloof in Christus te behou.

Die boek, Hebreërs, ontstaan juis in 'n tyd van lyding vir die Christene aan wie dit gerig word. Daar is baie teenstand teen hulle vanweë hul geloof in Jesus. Hulle is gedreig en beproef, met die gevolg dat dit hulle ook geestelik begin aftakel het. Die gevaar van afval en ophou in die geloof was 'n realiteit. Die doel van die skrywer is om hulle in so 'n tyd te bemoedig en te vertroos. Hy moedig hulle aan om te volhard in die geloof, ten spyte van die lyding wat hulle moet verduur. Die wyse waarop die skrywer dit doen is interessant en insiggewend. In plaas daarvan om hulle te bombardeer met wettiese vermanings en beskuldigings, vertel hy hulle eerder opnuut van Jesus. Hy kom nie met verwyte nie, maar met 'n boodskap van die hoop wat hulle in Jesus vind. Wat is die een saak waarop hy van Jesus in die besonder fokus? Sy lyding. Jesus se verskriklike lyding word die sleutel om hulle weer moed te laat skep. Die kruisgebeure laat die geloof weer opvlam.

Daar is ten minste twee belangrike dinge wat oor Jesus gesê word. Die eerste is dat Jesus self 'n pad van swaarkry geloop het. Ons moet nie vergeet dat Hy as *mens* op hierdie aarde geleef het nie. Hy het die lewe met al sy uitdagings ervaar soos wat ons dit ervaar. Van die begin af is Hy versoek deur die satan. Hy moes allerlei beproewings deurgaen. Sy teenstanders, veral die Fariseërs en wetgeleerdes, het gedurig na maniere gesoek om Hom in verleentheid te stel en verdag te maak. Jesus het ook moeg geword, Hy is ook geestelik afgetakel. Hy moes ook van tyd tot tyd net eenkant toe gaan op soek na bietjie rus en stilte. 'n Tyd van afsondering waar Hy in gebed met sy Vader kon praat. Ons moenie die fout maak om te dink dat die lewe vir Hom makliker was as vir ons nie. Nee, lees mooi wat in vers 7 staan:

*Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, **gebede** en **smeking** geoffer met **harde geroep** en met **trane**.*

Jesus se aardse lewe was geen speletjie nie; dit was dodelik ernstig! Dit was angswekkend en traumaties. Jesus verstaan hierdie lewe. Hy het dit self geleef. Hy was aan al die dinge blootgestel waaraan ons blootgestel word. Hy is met die harde kant van die lewe gekonfronteer. Ek wil dit waag om te sê dat Jesus dit ook op 'n tyd oorweeg het om maar op te hou met sy lewenswedloop. So erg was die ang en aanvegtinge, dat Hy op 'n stadium tot sy Vader gebid het: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan" (Luk.26:39). Dinge het vir Hom te veel geword, net soos wat ons die lewe ook soms mag ervaar.

Die skrywer noem iets wat nogal vreemd op die oor klink. In vers 8 verklaar hy dat Jesus deur sy lyding *geleer het wat gehoorsaamheid is*. Dit beteken nie dat Jesus voorheen ongehoorsaam was nie, maar wel dat Hy deur sy swaarkry heen al meer en al dieper aan die wil van sy Vader verbind is. Jesus het nooit iets gedoen buite die wil van sy Vader nie. Waarom sou die skrywer so-iets noem? Die doel is om Jesus aan sy lesers voor te stel as 'n mens en mede-gelowige, wat hierdie pad wat ons nou stap, reeds gestap het. Hy ken dit, want Hy was reeds daar. Enige swaarkry en vermoedigheid wat ons mag ervaar het Hy reeds ervaar. Trouens, sy swaarkry was erger as ons s'n. Maar Hy het getrou gebly aan sy Vader. Hy is ons Voorbeeld.

Om vir Jesus te volg is soos om 'n ouer broer of suster te hê wat al voor jou deur die een of ander situasie gegaan het waardeur jy nou moet gaan. Hulle kan vir jou vertel hoe dit is om vir die eerste keer skool toe te gaan. Hulle kan vir jou 'n goeie idee gee wat om te verwag van die matriekeksamen. Hulle kan vir jou wenke gee om jou te help. Jy kan hulle hulp en raad vra, want hulle het reeds daar deurgegaan. Hulle weet hoe dit is en verstaan hoe jy voel. As hulle dit kon maak, kan jy dit ook maak. Dit laat jou moed skep om met vertroue die eksamen te gaan skryf. So is die voorbeeld van Jesus wat reeds deur swaarkry gegaan het, vir ons tot aanmoediging en geloofsversterking.

Daar is egter 'n tweede ding wat oor Jesus gesê word. In vers 9 lees ons dat Jesus *die bron van ewige saligheid* vir ons geword het. Jesus was nie net 'n mens wat self lyding geken het nie, Hy was meer as dit. Meer as net 'n aardse voorbeeld. Daar is 'n belangrike verskil tussen 'n aardse persoon na wie se voorbeeld ons opkyk en dit wat Jesus vir ons bereik het. 'n Voorbeeld is 'n wonderlike ding en dit kan jou baie inspirasie gee, maar dit help net tot op 'n punt. My ouer broer of suster kan my geweldig inspireer en baie help vir die matriekeksamen, maar ek moet dit steeds self gaan skryf en self slaag. Met Jesus is dit anders. Hy kan regtig help omdat Hy nie net langs ons staan nie, maar in ons plek! Hy dra ons deur. Dit is Hy wat die verlossing vir ons bewerk; ons kan dit nie self doen nie.

Die wyse wat die skrywer gebruik om dit verduidelik is om na Jesus as 'n hoëpriester te verwys. Dit is iets wat die lesers van daardie tyd goed verstaan, want hulle was bekend met die priesterkultus van die Ou Testament. Die hoëpriester het vir die volk by God ingetree, veral met die oog op vergifnis van die sondes. Hy was in 'n sekere sin 'n soort middelaar tussen God en die volk (sien verse 1-3). Jesus tree ook op soos 'n hoëpriester van ouds, behalwe dat Hy nog méér doen - Hy word self die volmaakte offer wat nodig is vir die volkome versoening van sondes. Die offers van die aardse hoëpriester en die volk was steeds gebrekkig en daarom moes die versoeningsritueel elke jaar herhaal word. Maar Jesus se offer is eenmalig. Dit is volmaak en voldoende. Hy hoef nie weer en weer gekruisig te word nie.

Die verwysing na die priesterorde van Melgisédék is 'n aanhaling uit Ps.110, maar dit gaan terug tot Gen.14:18-20. Melgisédék was die koning van Salem (die vorige naam van Jerusalem) en het ook bekend gestaan as 'n priester van God die Allerhoogste. Ons weet niks verder van hom nie, behalwe dat hy van 'n ander orde was as die latere priesters. Klaarblyklik is daar ewigheidswaarde aan hierdie orde. In die lig hiervan beteken dit dat Jesus 'n ewige Priester is. Na sy hemelvaart is Hy nog steeds Priester, nog steeds die Een wat vir ons by die Vader intree en pleit vir die vergifnis van ons sondes. Hy kan dit doen omdat Hy reeds ons sondes op Hom geneem en daarvoor betaal het. Die straf is reeds gedra.

Jesus is dus nie net 'n Voorbeeld na wie ons kan opkyk nie, maar terselfdertyd die Redder, die Bewerker van ons saligheid. Hy verstaan nie net die pad wat ons elkeen loop nie, maar Hy gee ons ook die krag om te volhard in die geloof. Ons leer Jesus ken as iemand wat medelye met ons het. Hy huil wanneer Hy verneem van sy vriend, Lasarus se dood. Maar dit stop nie daar nie. Hy het die mag om Lasarus uit die graf na die lewe te roep. Dit is wie Jesus vir ons is! En dít moet vir ons 'n troos en bemoediging wees vir ons eie worstelinge op ons lewenspad.

Let wel, daar staan ook in vers 9 dat Hy vir *almal wat aan Hom gehoorsaam is*, die bron van ewige saligheid geword het. Met ander woorde, hier word ons vermaan om nie die groot saligheid wat Jesus vir ons bewerk het, te minag nie. Moenie dit ignoreer nie, maar laat die lyding van Jesus vir jou 'n bron van hoop en krag wees in alle moeilike omstandighede wat jy mag ervaar. Hier moet ons die woorde van die skrywer in Hebr.12:1-3 ernstig opneem:

... en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, ²die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. ³Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.

Gebed (FLAM 28)

U't die lydenspad vir my kom loop
 en ek is deur U bloed ook vrygekoop.
 Maar die wêreld rondom my
 sê die sonde maak my vry.

Heer, omvou my as die nag
 my omsluit van alle kante -
 en as die donker U kind weg wil lei,
 Heer, omvou my, maak my vry.